# JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2024

Altyd Altyd

15 Maart 2024

Beste Penkop of Drawwertjie

Baie welkom op die 39ste Jakaranda Voortrekkerkamp. Maak seker van jou kursus waarvoor jy ingeskryf is. Jou kommando het die inligting. Jou kursus se benodighede is gelys by punt 2.15. Alle kampinligting, asook ‘n roetekaart, is ook op die webwerf by http://jakaranda.voortrekkers.org.za/ beskikbaar.

## 1. Belangrike kampinligting waarvan jy moet weet

1.1 Die kamp duur amptelik vanaf Woensdag 27 Maart 2024 om 17h00 tot Sondag 31 Maart 2024 om 11h30. Jy kan reeds vanaf 15h00 op Woensdag 27 Maart 2024 julle tent kom opslaan en inrig. Soos jy inry, is die seuns se tentedorp links van die admininstrasie gebou en die dogters se tentedorp is regs. Daar sal kampraadslede in beide tentedorpe wees wat jou sal wys in watter ry jy jou tent moet opslaan. Kyk uit vir persone in glimbaadjies. Die grond is hard. Bring goeie swaar hammers.

1.2 Met jou aankoms sal offisiere die bestuurder van die voertuig waarin jy is, stop om jou sommer gou elektronies te registreer. Luister asseblief mooi na **waarheen** en **hoe** julle moet ry om sodoende ‘n verkeersopeenhoping te vermy.

1.3 Bring ook asseblief **al** jou medikasie dadelik na die Noodhulpkamer waar dit veilig bewaar sal word. Noodhulppersoneel sal seker maak dat medikasie getrou en korrek geneem word. Bring ook chroniese en ander spesiale medikasie saam. Neem asseblief kennis van die Nood- en Medikasie inligtingsvorm wat voltooi moet word om saam met die medikasie by die noodhulp ingehandig te word. Wetgewing vereis dit vir die toediening van medikasie.

1.4 Alles wat jy saambring moet duidelik gemerk word - veral duursame items soos slaapsakke, warmbaadjies en Voortrekkerdrag.

1.5 Klere moet in 'n klein tassie gepak word en slaapgoed moet styf opgerol en vasgemaak word - verkieslik in 'n slaapsak-sak. Moet asseblief NIE met 'n rugsak en/of 'n klomp los goed op die kamp aankom nie. Onthou om ’n plastiese sak in te pak om nat klere in huis toe te neem.

1.6 Ons eet almal Woensdagaand saam uit die kampkombuis. Onthou dus om jou bordesak byderhand te hou. Jy ontvang gedurende die kamp drie gebalanseerde maaltye per dag asook koeldrank en snoeperye met koeldranktyd. Daar sal wel ‘n snoepie beskikbaar wees tydens die kamp. Geld is hiervoor vooraf inbetaal.

1.7 Radio's, elektroniese speletjies, balle, jagmesse, knipmesse en ander speelgoed word nie toegelaat nie. Horlosies en ander waardevolle artikels soos oorbelle, hangertjies, selfone en ipods moet ook liefs tuis gelaat word. Die kamp aanvaar geen verantwoordelikheid as artikels verlore raak of beskadig word nie.

1.8 Geen vuurhoutjies, gaslampe en kerse word toegelaat nie (net flitse, sonpaneelligies).

1.9 Jeuglede wat nie vir die volle duur van die kamp teenwoordig is op die kamp nie, staan die kans om hulle spesialisasie kentekens en/of kamperkenning te verbeur.

1.10 Neem asb kennis dat geen drank, dwelms, rook of wangedrag op kampe hoort nie en diegene wat hul skuldig maak aan sodanige wangedrag se ouers onmiddelik in kennis gestel sal word. Hulle sal jou dan by die kamp moet kom haal.

1.11 Foto's geneem tydens die kamp word gepubliseer op Facebook, Jakaranda Voortrekkerkamp, en word gebruik vir bemarking van die kamp.

## 2. Wat jy moet saambring

2.1 'n Waterdigte tent met grondseil vir die span binne dieselfde kursus. Daar moet ook 'n emmer, wat as brandemmer gebruik gaan word, by elke tent geplaas word.
Wenk: spanvaandel, spanbanier, hanggerief vir spandrag en bordesakke, besempie en skoppie, deurmatjie, hamer asook tou om nat klere op te hang.

2.2 **Sakbybel**.

2.3 Die korrekte aktiewe Voortrekkerdrag. Die gepaste vlootblou warmdrag is nodig as dit koud is. Bring jou erkenningsbaadjie om tydens seremonies te dra. Onthou om 'n ekstra lang denim te bring as deel van jou formele Voortrekkerdrag. Tekkies word tydens seremonies gedra. Onthou 'n hanger vir jou Voortrekkerdrag.

2.4 Vier stelle kampklere vir gedurende die dag. Om jou teen die son te beskerm is die dra van frokkies en drafbroekies ontoelaatbaar. Dogters mag kniebroeke en langbroeke dra maar nie kort, kortbroeke nie. Die broekie moet 'n behoorlike broekspyp hê. Skouerlose rokkies en bloesies moet liefs vermy word weens die gevaar van sonbrand.

2.5 Gemaklike skoene is noodsaaklik aangesien dit ruwe terrein is.

2.6 Slaapklere of 'n sweetpak.

2.7 'n Stel warm klere vir die aande. Dit word koud.

2.8 'n Toiletsakkie met alles wat jy nodig het. Onthou ook "Lip - ice" vir jou lippe, "Tabbard" teen die muskiete en ook sonblok.

2.9 'n Swembroek met 'n handdoek vir swem en/of stort.

2.10 Jou bordesak met 'n bord en papierborde, poedingbakkie, beker, eetgerei, waslappie en afdrooglap.

2.11 'n **Waterbottel** wat jy heeldag saam met jou kan dra.

2.12 'n Goeie warm slaapsak met 'n grondseil. Oorlewingskomberse of swart plastieksakke om onder te slaap bied nie genoeg beskerming nie. Die terrein het duwweltjies. Bring 'n gemerkte badmatjie/oprolmatras vir buite om op te sit.

2.13 'n Flits en 'n ekstra stel batterye of 'n sonpaneelligie.

2.14 'n Reënjas.

2.15 Jou kursusbenodigdhede vir **Spoorsny**:

- ʼn Eenstuk bruin "army" oorpak as jy een het. Jy hoef nie ʼn nuwe een te gaan koop nie. As jy nie ʻn oorpak het nie, bring ou demins en langmou baadjies maar NIE "polyfleece" nie.
- Enige hoed met ʼn bandjie om – by voorbeeld die weermag se boshoede. Baie belangrik.
- Twee (2) leë gewaste gekondenseerde melkblikkies.
- 500g speelklei.
- Moenie jou "TABBARD" vergeet nie.
- Ou klere (Denim en langmou hemp verkieslik donker kleure) vir aandprogram.
- Tekkies of stapskoene, **geen plakkies**, jy gaan in die veld loop.
- Een vol rol toiletpapier.
- Een pakkie koekies met vulsel.

2.16 Merk al jou kursusitems baie duidelik asseblief. Bring ʼn gepaste houer/sak. Dis noodsaaklik om al jou kursusbenodighede saam te bring kamp toe vir die afhandeling van die kursus.

Indien jy enige navrae het is jy welkom om Nicolette Koukeas by 082 921 5955 te kontak.

Voortrekkergroete

Jan-Albert de Kock
KAMPLEIER

Nicolette Koukeas
KAMPSEKRETARESSE